UNIE VAN SUID-AFRIKA
UNION OF SOUTH AFRICA

# Staatskoerant
# Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXXXIII.] PRYS 6d. PRETORIA, 3 FEBRUARIE / 3 FEBRUARY 1956. PRICE 6d. [No. 5622.

## INHOUD.

*Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linker-bohoek met 'n ✱ gemerk.*

**Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.**

No. BLADSY

**WETSONTWERP.**

VW. 11—'56: Muntwetsontwerp; Wysigingswetontwerp op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1956 (*B.S.* No. 5617).

**PROKLAMASIES.**

✱ 14. Uitsluiting van Kibi-Naturellereservaat Bestaande uit die Plase Randolph No. 209 en Witfontein No. 205, Distrik Zoutpansberg, uit Afgesonderde Gebiede en Vervanging daarvan deur Sekere Ander Grond ... ... ... ... ... 1
✱ 15. *Venia Aetatis* ... ... ... ... ... ... ... ... 2
✱ 16. Deproklamering van 'n Sekere Gedeelte van die Plaas Zuurkarree, Gedeelte van die Plaas Slangheuwel H.V. No. 7, Afdeling Barkly-Wes ... ... ... ... ... 1

**Departement van Justisie.**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✱ 165. Aanstelling en Intrekking van Aanstellings as Vrederegters ... ... ... ... ... ... 3
✱ 166. Aanstelling en Intrekking van Aanstellings as Kommissarisse van Ede ... ... ... ... 4
✱ 171. Herbepaling van Vrederegterswyk Indowana, Distrik Umzimkulu ... ... ... ... 5
✱ 176. Regulasies betreffende die Besoldiging wat Betaalbaar is aan Eksekuteurs, Kuratore, Voogde en Beëdigde Taksateurs 6

**Departement van Polisie.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✱ 172. Wysiging van die Regulasies vir die S.A. Polisie ... ... ... ... ... ... ... ... ... 8

**Departement van Gevangenisse.**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✱ 160. Aanstellings in die Departement van Gevangenisse ... ... ... ... ... ... ... 16
✱ 190. Aanstelling van Senior Opperbewaarders 15

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✱ 121. Kennisgewing van Ontvlugting: D. Mosea 34
✱ 127. Kennisgewing van Ontvlugting: A. Dhlamini ... ... ... ... ... ... ... ... ... 40

**Departement van Lande.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✱ 180. Bestuursraad van Skanskopnedersetting: Belasting ... ... ... ... ... ... ... ... ... 16

ALGEMENE KENNISGEWING.

19. Opmeting van Kroongrond (Kaap) ... ... 23

*B.S.=Buitengewone Staatskoerant.*

## CONTENTS.

*All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.*

**For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.**

No. PAGE

**BILL.**

A.B. 11—'56: Coinage Bill; Removal of Restrictions in Townships Amendment Bill, 1956 (*G.G.E.* No. 5617).

**PROCLAMATIONS.**

✱ 14. Excision of Kibi Native Reserve Comprising the Farms Randolph No. 209 and Witfontein No. 205, District of Zoutpansberg, from Scheduled Areas and Substitution therefor of Certain Other Land ... ... ... ... ... ... ... ... ... 1
✱ 15. *Venia Aetatis* ... ... ... ... ... ... ... 2
✱ 16. Deproclamation of a Certain Portion of the Farm Zuurkarree, Portion of the Farm Slangheuwel H.V. No. 7, Division of Barkly West ... ... ... ... ... ... 1

**Department of Justice.**

GOVERNMENT NOTICES.

✱ 165. Appointment and Cancellation of Appointments as Justices of the Peace 3
✱ 166. Appointment and Cancellation of Appointments as Commissioners of Oaths ... ... ... ... ... ... ... ... ... 4
✱ 171. Redefinition of Justice of the Peace Ward Indowana, District of Umzimkulu ... 5
✱ 176. Regulations in regard to Remuneration to be Paid to Executors, Curators, Tutors and Sworn Appraisers ... ... ... ... ... 6

**Department of Police.**

GOVERNMENT NOTICE.

✱ 172. Amendment to the Regulations for the S.A. Police ... ... ... ... ... ... ... ... 8

**Department of Prisons.**

GOVERNMENT NOTICES.

✱ 160. Apointments in the Department of Prisons 16
✱ 190. Appointment of Senior Chief Warders ... 15

GENERAL NOTICES.

✱ 121. Notice of Escape: D. Mosea ... ... ... 34
✱ 127. Notice of Escape: A. Dhlamini ... ... 40

**Department of Lands.**

GOVERNMENT NOTICE.

✱ 180. Skanskop Settlement Board of Management: Rate ... ... ... ... ... ... ... ... 16

GENERAL NOTICE.

19. Crown Land Surveys (Cape) ... ... ... ... 23

*G.G.E.=Government Gazette Extraordinary.*

No. BLADSY

**Departement van Besproeiing.**

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✱ 112. Waterhofaansoek, Barvale (Proprietary), Ltd: Kennisgewing van Verhoor ... ... 31
✱ 113. Waterhofaansoek, Barvale (Proprietary), Ltd.: Kennisgewing om te Pleit ... ... 31
✱ 114. Waterhofaansoek, Barvale (Proprietary), Ltd.: Verkiesing van Assessor ... ... 31
✱ 115. Rivierraad van Mooirivier: Verkiesing ... 32
✱ 123. Besproeiingsraad van Rademeyer: Verkiesing ... ... ... ... ... ... ... ... ... 38
✱ 128. Besproeiingsraad van Nkwaleni: Verbeteringskennisgewing ... ... ... ... ... ... 41
✱ 129. Hersiening van Besproeiingskieserslyste ... 41

**Departement van Finansies.**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✱ 167. Aanstelling van Waarnemende Ontvanger van Inkomste, Randfontein ... ... ... 16
✱ 177. S.A. Reserwebank: Weeklikse Opgawe ... 16
✱ 178. Maandstate van Geregistreerde Handelsbanke ... ... ... ... ... ... ... ... ... 17
✱ 179. Korting van Aksynsreg op Brandewyn wat vir Tydperke van Vier en Vyf Jaar Ryp geword het ... ... ... ... ... ... ... 17

ALGEMENE KENNISGEWING.

✱ 119. Vergadering van Skuldeisers: C. Levin ... 24

**Departement van Buitelandse Sake.**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✱ 168. Intrekking van Registrasie van Persone Geregtig tot Diplomatieke Immuniteit 18
✱ 169. Registrasie van Persone Geregtig tot Diplomatieke Immuniteit ... ... ... ... 18
✱ 170. Erkenning van die Vise-konsul van die Republiek van Tsjeggo-slowakye ... ... 19
✱ 181. Registrasie van Persone Geregtig tot Diplomatieke Immuniteit ... ... ... ... 19

**Departement van Landbou.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✱ 186. Wysiging van die Konstitusie en Reglement van die Jersey-Veetelersvereniging van Suid-Afrika ... ... ... ... ... ... 19

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✱ 110. Aanstelling van Kleinhandelsagente ... ... 25
✱ 111. Aanstelling van Kleinhandelsagente ... ... 28
✱ 122. Aanstelling van Kleinhandelsagente ... ... 35

**Departement van Handel en Nywerheid.**

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✱ 117. S.A. Buro vir Standaarde: Vervanging van Spesifikasie ... ... ... ... ... ... ... ... 33
✱ 120. Yk van Mate en Gewigte: Magistraatsdistrik Bellville ... ... ... ... ... ... ... 34
✱ 124. S.A. Buro vir Standaarde: Permitgelde ... 38
✱ 125. S.A. Buro vir Standaarde: Wysiging van Spesifikasie ... ... ... ... ... ... ... ... 39
✱ 126. S.A. Buro vir Standaarde: Hersiening van Spesifikasie ... ... ... ... ... ... ... ... 40

**Departement van Binnelandse Sake.**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✱ 155. Naturalisasie-opgawe (*B.S.* No. 5619).
✱ 161. Kleinhandelprys-indekssyfers vir Desember 1955 ... ... ... ... ... ... ... ... ... 19
✱ 182. Aanstootlike Literatuur: Wysiging van Lys No. 7 van 1955 ... ... ... ... ... 20
✱ 183. Registrasie van Uniform: Warmbadhoërskool ... ... ... ... ... ... ... ... ... 20
✱ 184. Aansoek om Registrasie van Naam, Spesiale Naam en Uniform: Pretoria Boys' High School Athletic Team ... 20

**Departement van Arbeid.**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✱ 156. Ooreenkoms vir die Haarkappersbedryf, Witwatersrand (*B.S.* No. 5620)
✱ 162. Werkloosheidversekeringswet, 1946: Aanstelling van Eisebeampte ... ... ... ... ... 20
✱ 173. Wysigingsooreenkoms vir die Druk- en Nuusbladnywerheid ... ... ... ... ... ... 21
✱ 174. Loonvasstelling No. 144: Maalnywerheid 22
✱ 175. Onafgebroke Werk: Opwekking van Elektrisiteit, Munisipaliteit Williston ... ... 22

ALGEMENE KENNISGEWING.

✱ 109. Eksamen vir Registrasiesertifikate van Elektrotegniese Draadwerkers ... ... ... 24


(Vir vervolg sien tweede laaste bladsy.)


No. PAGE

**Department of Irrigation.**

GENERAL NOTICES.

✱ 112. Water Court Application, Barvale (Proprietary), Ltd.: Notice of Hearing ... 31
✱ 113. Water Court Application, Barvale (Proprietary), Ltd.: Notice to Plead ... ... 31
✱ 114. Water Court Application, Barvale (Proprietary), Ltd.: Selection of Assessor 31
✱ 115. Mooi River River Board: Election ... ... 32
✱ 123. Rademeyer Irrigation Board: Election ... 38
✱ 128. Nkwaleni Irrigation Board: Correction Notice ... ... ... ... ... ... ... ... ... 41
✱ 129. Revision of Irrigation Voters' Lists ... ... 41

**Department of Finance.**

GOVERNMENT NOTICES.

✱ 167. Appointment of Acting Receiver of Revenue, Randfontein ... ... ... ... ... 16
✱ 177. S.A. Reserve Bank: Weekly Statement ... 17
✱ 178. Monthly Returns by Registered Commercial Banks ... ... ... ... ... ... ... ... 17
✱ 179. Rebate of Duty on Brandy Matured for Periods of Four and Five Years ... ... 17

GENERAL NOTICE.

✱ 119. Meeting of Creditors: C. Levin ... ... ... 24

**Department of External Affairs.**

GOVERNMENT NOTICES.

✱ 168. Cancellation of Registration of Persons Entitled to Diplomatic Immunity ... ... 18
✱ 169. Registration of Persons Entitled to Diplomatic Immunity ... ... ... ... ... ... 18
✱ 170. Recognition of the Vice-Consul of the Czechoslovakia Republic ... ... ... ... 19
✱ 181. Registration of Persons Entitled to Diplomatic Immunity ... ... ... ... ... ... ... 19

**Department of Agriculture.**

GOVERNMENT NOTICE.

✱ 186. Amendment of the Constitution and By-laws of the Jersey Cattle Breeders' Society of South Africa ... ... ... ... 19

GENERAL NOTICES.

✱ 110. Appointment of Retail Agents ... ... ... 25
✱ 111. Appointment of Retail Agents ... ... ... 28
✱ 122. Appointment of Retail Agents ... ... ... 35

**Department of Commerce and Industries.**

GENERAL NOTICES.

✱ 117. S.A. Bureau of Standards: Supercession of Specification ... ... ... ... ... ... ... 33
✱ 120. Assizing of Weights and Measures: Magisterial District of Bellville ... ... 34
✱ 124. S.A. Bureau of Standards: Permit Fees 38
✱ 125. S.A. Bureau of Standards: Amendment of Specification ... ... ... ... ... ... ... 39
✱ 126. S.A. Bureau of Standards: Revision of Specification ... ... ... ... ... ... ... 40

**Department of Interior.**

GOVERNMENT NOTICES.

✱ 155. Return of Naturalization (*G.G.E.* No. 5619). ... ... ... ... ... ... ... ... ...
✱ 161. Retail Price Index Numbers for December, 1955 ... ... ... ... ... ... ... ... 19
✱ 182. Objectionable Literature: Amendment of List No. 7 of 1955 ... ... ... ... ... ... 20
✱ 183. Registration of Uniform: Warmbaths High School ... ... ... ... ... ... ... ... 20
✱ 184. Application for Registration of Name, Special Name and Uniform: Pretoria Boys' High School Athletic Team ... 20

**Department of Labour.**

GOVERNMENT NOTICES.

✱ 156. Hairdressing Trade, Witwatersrand: Agreement (*G.G.E.* No. 5620).
✱ 162. Unemployment Insurance Act, 1946: Appointment of Claims Officer ... ... 20
✱ 173. Amending Agreement for the Printing and Newspaper Industry ... ... ... ... ... 21
✱ 174. Wage Determination No. 144: Milling Industry ... ... ... ... ... ... ... ... ... 22
✱ 175. Continuous Working: Generation of Electricity, Municipality of Williston ... ... 22

GENERAL NOTICE.

✱ 109. Examination for Electrical Wiremen's Certificate of Registration ... ... ... ... 24


(Continued on inside back cover.)
NEXT PAGE

No. BLADSY

**Departement van Pos-en-telegraafwese.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✻ 187. Tarief ten Opsigte van Teleksoproepe van Suid-Afrika af na die Verenigde State van Amerika ... ... ... ... ... ... ... ... 22

**Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✻ 185. Beskerming van Monument ... ... ... ... 22

**Departement van Mynwese.**

ALGEMENE KENNISGEWING.

✻ 116. Aansoek om Registrasie van 'n Mineraalmynkleim ... ... ... ... ... ... ... ... ... 32

**Departement van Gesondheid.**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✻ 163. Aanstelling: Town Hill-hospitaalraad, Pietermaritzburg, Natal ... ... ... ... 23

✻ 164. Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, No. 13 van 1929: Wysiging van Regulasies ... ... ... ... ... 23

ALGEMENE KENNISGEWING.

✻ 118. Gesondheidsbulletin No. 4 van 1956 ... ... 33

Tenders ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 42

Vakante Deeltydse Distriksgeneesheerskappe ... ... ... ... ... ... ... ... ... 55

Offisiële Publikasies Uitgegee gedurende Oktober en November 1955 ... ... ... 56

WETLIKE ADVERTENSIES.

Besigheidskennisgewings ... ... ... ... ... 57
Maatskappykennisgewings ... ... ... ... 66
Verlore Dokumente ... ... ... ... ... ... 68
Orders van die Hof, ens. ... ... ... ... ... 75
Geregtelike Verkope ... ... ... ... ... ... 80
Naamsveranderings ... ... ... ... ... ... 86
Algemeen ... ... ... ... ... ... ... ... ... 88
Boedelkennisgewings ... ... ... ... ... ... 100
Naturalisasiekennisgewings ... ... ... ... 132

No. PAGE

**Department of Posts and Telegraphs.**

GOVERNMENT NOTICE.

✻ 187. Charges in respect of Telex Calls from South Africa to the United States of America ... ... ... ... ... ... ... ... ... 22

**Department of Education, Arts and Science.**

GOVERNMENT NOTICE.

✻ 185. Protection of Monument ... ... ... ... ... 22

**Department of Mines.**

GENERAL NOTICE.

✻ 116. Application for Registration of a Mineral Mining Claim ... ... ... ... ... ... ... 32

**Department of Health.**

GOVERNMENT NOTICES.

✻ 163. Appointment: Town Hill Hospital Board, Pietermaritzburg, Natal ... ... ... ... ... 23

✻ 164. Food, Drugs and Disinfectants Act, No. 13 of 1929: Amendment of Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... ... 23

GENERAL NOTICE.

✻ 118. Health Bulletin No. 4 of 1956 ... ... ... 33

Tenders ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 42

Vacant Part-time District Surgeoncies ... 55

Official Publications Issued during October and November, 1955 ... ... ... 56

LEGAL ADVERTISEMENTS.

Business Notices ... ... ... ... ... ... ... 57
Company Notices ... ... ... ... ... ... ... 66
Lost Documents ... ... ... ... ... ... ... 68
Orders of the Court, etc. ... ... ... ... ... 75
Sale in Execution ... ... ... ... ... ... 80
Change of Name ... ... ... ... ... ... ... 86
General Notices ... ... ... ... ... ... ... 88
Estate Notices ... ... ... ... ... ... ... ... 100
Naturalization Notices ... ... ... ... ... 132



# AFRIKAANSE WOORDEBOEK, DEEL II.

**Deel twee van die Afrikaanse Woordeboek bevattende die letters D, E en F is nou van die Staatsdrukker teen die volgende pryse verkrygbaar:—**

**(1) Gewone Linneband: £3. 3s. per eksemplaar.**
**(2) Leerband: £5. 5s. per eksemplaar.**

# AFRIKAANSE WOORDEBOEK, DEEL II.

**Copies of the Second Volume of "Die Afrikaanse Woordeboek" containing the letters D, E and F are now obtainable from the Government Printer at the following prices:—**

**(1) Linen bound: £3. 3s. per copy.**
**(2) Leather bound: £5. 5s. per copy.**

# Koop Unie-leningsertifikate

# Buy Union Loan Certificates

# Staatskoerant

## VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

*(Verskyn elke Vrydag)*

### ALGEMENE VOORWAARDES VIR PUBLIKASIE VAN WETLIKE KENNISGEWINGS

**Slegs wetlike advertensies word vir publikasie** in die *Staatskoerant* aangeneem en is onderworpe aan die goedkeuring van die Staatsdrukker, wat kan weier om advertensie aan te neem of verder te publiseer.

Die Staatsdrukker behou hom die reg voor om kopie te redigeer.

Geen aanspreeklikheid kan aanvaar word vir verliese wat deur weglatings of tipografiese foute of uit foute weens vae of onduidelike kopie ontstaan nie.

Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskrywe word en nie op die begeleidende brief nie. **Alle eiename moet duidelik geskryf word;** ingeval 'n naam verkeerd gedruk word ten gevolge van onduidelike skrif, kan die advertensie alleen na betaling van die koste van 'n tweede plasing weer gepubliseer word.

**Geen advertensie kan geplaas word nie, tensy dit vooruitbetaal is.**

Alle tjeks, bankwissels, posorders of poswissels moet uitgemaak word aan die Staatsdrukker, Pretoria, en gekruis wees „Suid-Afrikaanse Reserwebank". *Alleen tjeks wat deur die Bank geparafeer is, sal aangeneem word.*

Gratis eksemplare van die *Staatskoerant* of uitknipsels van advertensies word NIE verskaf nie. Indien eksemplare van die *Staatskoerant* verlang word, moet 6d. vir elke eksemplaar gestuur word.

### SLUITINGSUUR VIR DIE AANNEMING VAN KOPIE

**Adverteerders dien daarop te let dat die sluitingsuur vir die aanneming van kopie vir die „Unie-Staatskoerant" 12 middag op Dinsdag van elke week voor verskyning is. Kopie wat na hierdie uur ontvang word, sal oorgehou word vir publikasie in die volgende week se „Staatskoerant". Wanneer openbare feesdae die publikasiedatum raak, sal daar 'n spesiale kennisgewing in die „Staatskoerant" geplaas word wat veranderings van die sluitingsuur aankondig.**

### ADVERTENSIETARIEWE

**WETLIKE KENNISGEWINGS, Verlore Aktes, Sertifikate, ens., Kennisgewings van Geregsbodes, Orders van die Hof, Boedeloorgawes, Tenders en Verkoping, Maatskappyekennisgewings, ens.**

Die advertensietarief is 7s. per duim, enkelkolom, herhalings, 5s.

Om die ruimte wat 'n advertensie sal beslaan, by benadering te bereken, moet adverteerders die woorde in die advertensie tel en die ruimte bereken teen 45 woorde per duim, enkelkolom.

In elke geval moet 'n ekstra halfduim aan die bo- en onderkant bereken word vir onderskeidelik die titel en ondertekening. **Gedeeltes van 'n halfduim moet as 'n halfduim gereken word.**

**VERLORE LEWENSVERSEKERINGSPOLISSE.**

£1. 1s. per plasing.

**AANSTELLINGS AS BEËDIGDE TAKSATEURS.**

14s. per plasing.

**NAAMSVERANDERING (INDIËRS).**

14s. per plasing.

**KENNISGEWINGS IN SAKE BESTORWE BOEDELS.**

Kennisgewings aan krediteure en debiteure in die boedels van oorlede persone en kennisgewings van eksekuteurs betreffende likwidasie-rekenings wat ter insae lê, word gepubliseer **in lysvorm** teen 10s. per boedel. Hierdie kennisgewings moet op of in die regte vorm gestuur word.

**KENNISGEWINGS IN SAKE DIE INSOLVENSIEWET.**

'n Vaste bedrag van 15s. per boedel word bereken vir die publikasie **in lysvorm** van kennisgewings voorgeskryf by die regulasies opgestel ingevolge die Insolvensiewet, 1916 en 1936, en sulke kennisgewings moet op of in die regte vorm soos in die Insolvensiewet voorgeskryf, gestuur word.

LET WEL.—In die geval van vorms 3 en 4 moet adverteerders die woorde in die advertensie tel en bereken teen: 15s. vir die eerste 36 woorde (of gedeelte daarvan) en 2s. vir elke addisionele 12 woorde (of gedeelte daarvan).

**KENNISGEWINGS IN SAKE NATURALISASIE.**

Aansoeke om naturalisasie word vir 13s. geplaas, en hierdie bedrag dek die koste van 'n eksemplaar van die *Staatskoerant*.

### INTEKENGELD

Die intekengeld vir die *Unie-Staatskoerant* (insluitende alle *Buitengewone Staatskoerante* en kwartaal-indeks) is as volg:—

£1 per ses maande (posvry).
£2 per twaalf maande (posvry).
Prys per los eksemplaar, 6d. (posvry).

*(Persone of sake wat net die Buitengewone Staatskoerant* wat op prysbeheerkennisgewings betrekking het, wil hê, kan daarvoor inskryf vir 10s. per jaar, posvry.)

Intekengelde moet vooruitbetaal word aan die Staatsdrukker, Pretoria, en kan ingaan van die 1ste dag van enige maand, maar kan nie vir 'n korter tydperk as ses maande aangeneem word nie.

S. A. MYBURGH,
Staatsdrukker

Die Staatsdrukker, Pretoria.

# Government Gazette

## OF THE UNION OF SOUTH AFRICA

*(Published on Fridays)*

### GENERAL CONDITIONS FOR PUBLICATION OF LEGAL NOTICES

**Only Legal Advertisements are accepted for publication** in the *Gazette*, and are subject to the approval of the Government Printer, who can refuse to accept or decline further publication of any advertisement.

The Government Printer reserves to himself the right to edit copy.

No responsibility can be accepted for losses arising from omissions or typographical errors, or from errors resulting from vague or indistinct copy.

Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only and not as part of the covering letter. **All proper names must be plainly inscribed;** in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can be republished only on payment of the cost of another insertion.

**No advertisement can be inserted unless it is prepaid.**

All cheques, bank drafts, postal orders, or money orders must be made payable to the Government Printer, Pretoria, and crossed "South African Reserve Bank". *Cheques will only be accepted when initialed by the Bank.*

Free voucher copies of the *Gazette* or cuttings of advertisements are NOT supplied. If copies of the *Gazette* are required, 6d. must be sent for each copy.

### CLOSING HOUR FOR ACCEPTANCE OF COPY

**Advertisers should note that the closing hour for the acceptance of "copy" for the "Union Gazette" is 12 noon on Tuesday of each week preceding publication. Any copy received after this hour will be held over for the following week's "Gazette". When public holidays affect publication, a special noitce will appear in the "Gazette" notifying any change in the closing hour.**

### ADVERTISEMENT RATES

**LEGAL NOTICES, Lost Deeds, Certificates, etc., Messengers' Notices, Orders of Court, Surrenders, Tenders and Sales, Company Notices, etc.**

Rates of advertising are 7s. per inch, single column, repeats, 5s.

In order to arrive at the approximate space which an advertisement will occupy, advertisers should count the words in the body of the advertisement, and reckon 45 words for one inch (single column).

In each case an additional half-inch at top and bottom should be allowed for heading and signature respectively. **Fractions of half-inch to be reckoned as half an inch.**

**LOST LIFE INSURANCE POLICIES.**

£1. 1s. per insertion.

**APPOINTMENTS AS SWORN APPRAISERS.**

14s. per insertion.

**CHANGE OF NAME (INDIANS).**

14s. per insertion.

**DECEASED ESTATE NOTICES.**

Notices to Creditors and Debtors in the Estates of Deceased Persons and Notices by Executors concerning Liquidation Accounts lying for inspection are published **in schedule form** at 10s. per Estate. These notices must be sent on or in the correct form.

**INSOLVENCY ACT NOTICES.**

A fixed charge of 15s. per Estate is made for publishing notices **in the schedule forms** prescribed in the Regulations made under the Insolvency Act, 1916 and 1936, such notices to be sent on or in the correct form as prescribed by the Insolvency Act.

*N.B.*—In the case of forms 3 and 4, advertisers should count the words in the advertisement and reckon: 15s. for the first 36 words (or portion thereof) and 2s. for every additional 12 words (or portion thereof).

**NATURALIZATION NOTICES.**

Applications for Naturalization are inserted for 13s. (which includes a copy of the *Gazette*).

### SUBSCRIPTION RATES

The subscription rates to the *Union Gazette* (including all *Gazettes Extraordinary* and Quarterly Index) are as follows:—

£1 for six months (post free).
£2 for twelve months (post free).
Price per single copy, 6d.

(Persons or firms who only require the *Government Gazette Extraordinary* dealing with Price Control Notices, can subscribe thereto for 10s. per year, post free.)

Subscriptions are payable in advance to the Government Printer, Pretoria, and may commence from the 1st of any month, but cannot be accepted for a shorter period than six months.

S. A. MYBURGH,
Government Printer.

The Government Printer, Pretoria.

## PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 14, 1956.]

UITSLUITING VAN KIBI-NATURELLERESERVAAT BESTAANDE UIT DIE PLASE RANDOLPH No. 209 EN WITFONTEIN No. 205, DISTRIK ZOUTPANSBERG, UIT AFGESONDERDE GEBIEDE EN VERVANGING DAARVAN DEUR SEKERE ANDER GROND.

Nademaal die Parlement by besluite van beide Huise dit goedgekeur het dat die Bylae van die Naturellen Grond Wet, No. 27 van 1913, gewysig word deur skrapping, ooreenkomstig paragraaf (*b*) van artikel *drie* van die Naturelletrust en -grond Wet, No. 18 van 1936, soos gewysig by artikel *twee* van Wet No. 17 van 1939, van die gebied wat in genoemde Bylae as „ Kibi " beskryf word en bestaande uit die plase „ Randolph " en „ Witfontein "; met dien verstande dat grond van minstens 'n gelyke veeteelt- of landbouwaarde, naamlik grond waarvan melding in paragraaf (*b*), (*c*) of (*d*) van subartikel (2) van artikel *tien* van genoemde Naturelletrust en -grond Wet, No. 18 van 1936, gemaak word, by 'n Afgesonderde Naturellegebied in die Provinsie Transvaal ingesluit moet word;

En nademaal die eertydse Naturelle-inwoners van genoemde Kibi-Naturellereservaat verhuis het na grond wat deur die Suid-Afrikaanse Naturelletrust besit word en die plaas Steamboat en dertien ander plase in die distrik Zoutpansberg beslaan;

En nademaal ek daarvan oortuig is dat genoemde plase altesaam van minstens 'n gelyke veeteelt- en Landbouwaarde as genoemde Kibi-Naturellereservaat is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*b*) van artikel *drie* van die Naturelletrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), soos gewysig by artikel *twee* van Wet No. 17 van 1939, hierby verklaar dat Bylae 111 (1) van die Naturellen Grond Wet, 1913 (Wet No. 27 van 1913), soos gewysig, hierby verder gewysig word—

(*a*) deur die skrapping, onder die opskrif „ Zoutpansberg ", van die volgende woorde en syfers:—

„ Kibi Randolph 2238 1021 182.
Witfontein 2237 971 152 ".

(*b*) deur insluiting, onder genoemde opskrif, van die volgende plase:—

Steamboat No. 461, Voorhout No. 529, Inkom No. 960, Longden No. 526, Weg-van-My No. 963, Sias No. 964, Simpson No. 965, Lappidood No. 966, Royston No. 530, Donkerhoek No. 525, Arrie No. 62, Juniorsloop No. 524, Zwolle No. 528, Grootpan No. 527.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Een-en-dertigste dag van Desember Eenduisend Negehonderd Vyf-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 15, 1956.]

*VENIA AETATIS.*

Nademal Johannes Maria van der Merwe en Anna Elizabeth van der Merwe, van Woonstel No. 1, Bovan Hof, Bromptonweg, Bloemfontein, in die distrik Bloemfontein, Provinsie Oranje-Vrystaat, op die agtiende dag van Julie 1955 my as Goewerneur-generaal van die Unie

## PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 14, 1956.]

EXCISION OF KIBI NATIVE RESERVE, COMPRISING THE FARMS RANDOLPH No. 209 AND WITFONTEIN No. 205, DISTRICT OF ZOUTPANSBERG, FROM SCHEDULED AREAS AND SUBSTITUTION THEREFOR OF CERTAIN OTHER LAND.

Whereas Parliament has by resolution of both Houses approved of the amendment of the Schedule to the Natives Land Act, No. 27 of 1913, by the deletion therefrom, in terms of paragraph (*b*) of section *three* of the Native Trust and Land Act, No. 18 of 1936, as amended by section *two* of Act No. 17 of 1939, of the reference to the area described in such Schedule as " Kibi " and comprising the farms " Randolph " and " Witfontein "; provided that land of at least an equivalent pastoral or agricultural value, being land referred to in paragraph (*b*), (*c*) or (*d*) of sub-section (2) of section *ten* of the said Native Trust and Land Act, No. 18 of 1936, shall be included in a Scheduled Native Area in the Province of the Transvaal;

And whereas the former Native inhabitants of the said Kibi Native Reserve have removed to land owned by the South African Native Trust comprising the farm Steamboat and thirteen other farms in the District of Zoutpansberg;

And whereas I am satisfied that the said farms are together of a pastoral and agricultural value at least equivalent to the said Kibi Native Reserve;

Now therefore, under and by virtue of the powers and authorities vested in me by paragraph (*b*) of section *three* of the Native Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), as amended by section *two* of Act No. 17 of 1939, I do hereby declare that Schedule 111 (1) to the Native Land Act, 1913 (Act No. 27 of 1913), as amended, is hereby further amended as follows:—

(*a*) By the deletion under the heading " Zoutpansberg " of the following words and figures:—

" Kibi Randolph 2238 1021 182.
Witfontein 2237 971 152 ".

(*b*) By the inclusion under the said heading of the following farms:—

Steamboat No. 461, Voorhout No. 529, Inkom No. 960, Longden No. 526, Weg-van-My No. 963, Sias No. 964, Simpson No. 965, Lappidood No. 966, Royston No. 530, Donkerhoek No. 525, Arrie No. 62, Juniorsloop No. 524, Zwolle No. 528, Grootpan No. 527.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Thirty-first day of December, One thousand Nine hundred and Fifty-five.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 15, 1956.]

*VENIA AETATIS.*

Whereas Johanna Maria van der Merwe and Anna Elizabeth van der Merwe, of Flat No. 1, Bovan Court, Brompton Road, Bloemfontein, in the District of Bloemfontein, Province of the Orange Free State, did on the eighteenth day of July, 1955, by petition to me as

van Suid-Afrika per versoekskrif gevra het om *Venia Aetatis* aan hulle te verleen en genoemde versoekskrif behoorlik na die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling) vir oorweging en verslag verwys is;

En nademaal die Edelagbare A. J. Smit, Regter van genoemde Hof, gehou te Bloemfontein, na behoorlike ondersoek by 'n sitting van daardie Hof aan my verslag gedoen het dat dit, na die oordeel van genoemde Hof, wenslik is om *Venia Aetatis* aan genoemde Johanna Maria van der Merwe en genoemde Anna Elizabeth van der Merwe te verleen;

En nademaal dit blyk dat daar behoorlik aan alle wetlike vereiste voldoen is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by Hoofstuk LXXXIX van die Oranje-Vrystaatse Wetboek, hierby *Venia Aetatis*, met alle regte en voorregte wat daaraan verbonde is, maar met uitsluiting van die reg om vaste eiendom te vervreem of te beswaar, aan genoemde Johanna Maria van der Merwe en genoemde Anna Elizabeth van der Merwe verleen, om dit in elke opsig net so volkome en volledig te besit en te geniet as wat hulle, genoemde Johanna Maria van der Merwe en genoemde Anna Elizabeth van der Merwe, dit sou of kon besit en geniet het indien hulle reeds die volle leeftyd van een-en-twintig jaar bereik het.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Ses-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

C. R. SWART.

---

✱ No. 16, 1956.]

Nademaal 'n gedeelte van die plaas Slangheuvel H.V. No. 7, bekend as Snyders Rush, afdeling Barkly-Wes, myndistrik 303 van 1891 tot 'n alluviale delwery vir edelgesteentes geproklameer is;

En nademaal sekere gedeeltes van genoemde plaas by Proklamasies No. 79 en 137 van 1947 as alluviale delwerye vir edelgesteentes gesluit en gedeproklameer is;

En nademaal dit nou dienstig is om 'n verdere gedeelte van gemelde plaas as 'n alluviale delwery vir edelgesteentes te sluit en te deproklameer;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *dertig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), hierby verklaar dat 'n sekere gedeelte van die plaas Zuurkarree, gedeelte van die plaas Slangheuvel H.V. No. 7, afdeling Barkly-Wes, myndistrik Barkley-Wes, provinsie Kaap die Goeie Hoop, groot ongeveer 26 morge 385 vierkante roede, geregistreer op naam van Stephanus Lambertus le Roux, soos op die grond afgebaken en aangetoon op 'n sketskaart wat in die kantoor van die Mynkommissaris, Barkley-Wes onder No. 110 bewaar word, hierby vanaf die eerste dag na die publikasie van hierdie proklamasie in die Staatskoerant 'n alluviale delwery vir edelgesteentes gesluit en gedeproklameer word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad op hede die Nege-en-twintigste dag van Desember Eenduisend Negehonderd Vyf-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-Rade.

A. J. R. VAN RHIJN.

Governor-General of the Union of South Africa, pray for the grant of *Venia Aetatis*, which said petition was duly referred to the Supreme Court of South Africa (Orange Free State Provincial Division), for consideration and report;

And whereas the Honourable A. J. Smit, Judge of the said Court, holden at Bloemfontein, did, after due enquiry at a sitting of the said Court, report to me that, in the opinion of the said Court, it was desirable to grant *Venia Aetatis* to the said Johanna Maria van der Merwe and the said Anna Elizabeth van der Merwe;

And whereas it appears to me that all legal requirements have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by Chapter LXXXIX of the Orange Free State Law Book, I do hereby grant to the said Johanna Maria van der Merwe and the said Anna Elizabeth van der Merwe *Venia Aetatis* with all rights and privileges appertaining thereto, but exclusive of the right to alienate or mortgage fixed property, to have and enjoy as fully and effectually to all intents and purposes as they, the said Johanna Maria van der Merwe and the said Anna Elizabeth van der Merwe might or could do if they had already attained the full age of twenty-one years.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Eighteenth day of January, One thousand Nine hundred and Fifty-six.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

C. R. SWART.

---

✱ No. 16, 1956.]

Whereas by Proclamation No. 303 of 1891, a portion of the farm Slangheuvel H.V. No. 7, known as Snyders Rush, Division of Barkley West, Mining District of Barkly West, Province of the Cape of Good Hope, was proclaimed an alluvial digging for precious stones;

And whereas by Proclamations Nos. 79 and 137 of 1947, certain portions of the said farm were closed and deproclaimed as alluvial diggings for precious stones;

And whereas it has now been found expedient to close and deproclaim a further portion of the farm as an alluvial digging for precious stones;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *thirty* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), I do hereby declare that a certain portion of the farm Zuurkarree, portion of the farm Slangheuvel H.V. No. 7, Division of Barkly West, Mining District of Barkly West, Province of the Cape of Good Hope, in extent approximately 26 morgen 385 square roods, registered in the name of Stephanus Lambertus le Roux, as demarcated by beacons on the ground, and as shown on a plan filed in the office of the Mining Commissioner, Barkly West, under No. 110, shall be and is hereby closed and deproclaimed as an alluvial digging for precious stones as from the first day following on the publication of this Proclamation in the *Government Gazette*.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-ninth day of December, One thousand Nine hundred and Fifty-five.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

A. J. R. VAN RHIJN.

# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

✻ No. 165.] [3 Februarie 1956.

### AANSTELLING EN INTREKKING VAN AANSTELLINGS AS VREDEREGTERS.

Hierby word ingevolge subartikel (2) van artikel *twee* van Wet No. 16 van 1914, soos gewysig, bekendgemaak (1) dat die Minister van Justisie, kragtens subartikel (1) van artikel *twee* van genoemde Wet, die persone in Deel I van die onderstaande Bylae genoem, as vrederegters vir die wyke teenoor hul name vermeld, aangestel het vir solank dit hom behaag en (2) dat die aanstellings as vrederegters van die persone in Deel II van die Bylae genoem, ingetrek is.

### BYLAE.

DEEL I.

| *Distrik.* | *Wyk.* | *Naam.* | *Adres.* |
|---|---|---|---|
| Brits | Brits | Jacobus Theodorus Janse van Rensburg | Roodekopjes No. 44, Posbus 164, Brits. |
| Estcourt | 48 | George Juta Haines | Ingestre, Posbus 26, Mooirivier. |
| Fraserburg | Sakrivier | Cornelius Johannes Mans | Brandfontein, Posbus 40, Loxton. |
| Knysna | Keurboomsrivier | Walter Carl Otto Albert Kraemer | Heidehof, P/sak, Plettenbergbaai. |
| Knysna | Keurboomsrivier | Jurie Johannes Jackson | Blaaukrantz, Knysna. |
| Pretoria | Iscor | Lourens Rasmus Bester | Von Wielligh-straat 310, Pretoria-Wes. |
| Rustenburg | Krokodilrivier | Marthinus Jacobus Cilliers | Van Wykskraal, Pk. Makoppa. |
| Vryburg | No. 2 | Wilhelmus Johannes van der Merwe | Halfweg, Pk. Broedersput. |
| Vryburg | No. 2 | Johannes Jacobus Bodenstein | Wonderfontein, Pk. Broedersput. |
| Waterberg | Pongola | Machiel Christiaan Erasmus | Pretoria No. 687, Pk. Villa Nora. |
| Warmbad | Rooiberg | Christiaan Fredrik Olivier | Vaalwal, Pk. Mabula, oor Warmbad. |

DEEL II.

| *Distrik.* | *Wyk.* | *Naam.* | *Rede.* |
|---|---|---|---|
| Colesberg | Laer Zeekoerivier | Jan Louis van der Walt | Bedank. |
| Dewetsdorp | Rietspruit | Jacobus Ignatius de Wet | Bedank. |
| Fraserburg | Sakrivier | William Roland Thompson | Bedank. |
| Fraserburg | Nuweveld | Vincent Adriaan van Reenen Meintjes | Bedank. |
| Humansdorp | Zuurbron | George Brunsdon Calling | Bedank. |
| Namakwaland | Springbok | Johannes Carel Willem Casparus Louw | Distrik verlaat. |
| Namakwaland | Onder-Kamiesberg | Jan Willem Frederik Theron | Bedank. |
| Potchefstroom | Vaalrivier | Pieter Albert Hattingh | Bedank. |
| Peddie | Keiskama | Theodore George Fitzgerald | Bedank. |
| Potgietersrus | Naboom | Hendrik Johannes Smit | Bedank. |
| Roodepoort | Paardekraal | Vincent James Pickerill | Bedank. |
| Robertson | Middelbosjesveld | Jacobus Kriel de Wet | Bedank. |
| Randfontein | Randfontein | Johannes Stefanus Oosthuysen | Bedank. |
| Uniondale | Onder-Langkloof | Ockert Jacobus Ferreira | Bedank. |
| Vryburg | No. 3 | Jacobus Hermanus Scheepers | Wyk verlaat. |
| Ventersdorp | Schoonspruit-Suid | Johaan Heinrich Scheffer | Bedank. |
| Warmbad | Rooiberg | Louis Jacobus Kritzinger | Wyk verlaat. |

# GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

## DEPARTMENT OF JUSTICE.

✻ No. 165.] [3 February 1956.

### APPOINTMENT AND CANCELLATION OF APPOINTMENTS AS JUSTICES OF THE PEACE.

In terms of sub-section (2) of section *two* of Act No. 16 of 1914, as amended, it is hereby notified that (1) the Minister of Justice has, in terms of sub-section (1) of section *two* of the said Act, appointed the persons mentioned in Part I of the following Schedule to be Justices of the Peace during pleasure for the wards indicated opposite their names and (2) that the appointments as Justices of the Peace of the persons mentioned in Part II of the said Schedule have been cancelled.

### SCHEDULE.

PART I.

| *District.* | *Ward.* | *Name.* | *Address.* |
|---|---|---|---|
| Brits | Brits | Jacobus Theodorus Janse van Rensburg | Roodekopjes No. 44, P.O. Box 164, Brits. |
| Estcourt | 48 | George Juta Haines | Ingestre, P.O. Box 26, Mooirivier. |
| Fraserburg | Sakrivier | Cornelius Johannes Mans | Brandfontein, P.O. Box 40, Loxton. |
| Knysna | Keurboomsrivier | Walter Carl Otto Albert Kraemer | Heidehof, P/Bag, Plettenberg Bay. |
| Knysna | Keurboomsrivier | Jurie Johannes Jackson | Blaaukrantz, Knysna. |
| Pretoria | Iscor | Lourens Rasmus Bester | 310 Von Wielligh Street, Pretoria West |
| Rustenburg | Krokodilrivier | Marthinus Jacobus Cilliers | Van Wyks Kraal, P.O. Makoppa. |
| Vryburg | No. 2 | Wilhelmus Johannes van der Merwe. | Halfweg, P.O. Broedersput. |
| Vryburg | No. 2 | Johannes Jacobus Bodenstein | Wonderfontein, P.O. Broedersput. |
| Waterberg | Pongola | Machiel Christiaan Erasmus | 687 Pretoria, P.O. Villa Nora. |
| Warm Baths | Rooiberg | Christiaan Fredrik Olivier | Vaalwal, P.O. Mabula, via Warm Baths. |

PART II.

| *District.* | *Ward.* | *Name.* | *Reason.* |
|---|---|---|---|
| Colesberg | Lower Zeekoerivier | Jan Louis van der Walt | Resigned. |
| Dewetsdorp | Rietspruit | Jacobus Ignatius de Wet | Resigned. |
| Fraserburg | Sakrivier | William Roland Thompson | Resigned. |
| Fraserburg | Nuweveld | Vincent Adriaan van Reenen Meintjes | Resigned. |
| Humansdorp | Zuurbron | George Brunsdon Calling | Resigned. |
| Namakwaland | Springbok | Johannes Carel Willem Casparus Louw | Left District. |
| Namakwaland | Onder-Kamiesberg | Jan Willem Frederik Theron | Resigned. |
| Potchefstroom | Vaal River | Pieter Albert Hattingh | Resigned. |
| Peddie | Keiskama | Theodore George Fitzgerald | Resigned. |
| Potgietersrus | Naboom | Hendrik Johannes Smit | Resigned. |
| Roodepoort | Paarde Kraal | Vincent James Pickerill | Resigned. |
| Robertson | Middelbosjesveld | Jacobus Kriel de Wet | Resigned. |
| Randfontein | Randfontein | Johannes Stefanus Oosthuysen | Resigned. |
| Uniondale | Onder-Langkloof | Ockert Jacobus Ferreira | Resigned. |
| Vryburg | No. 3 | Jacobus Hermanus Scheepers | Left Ward. |
| Ventersdorp | Schoonspruit-Suid | Johaan Heinrich Scheffer | Resigned. |
| Warm Baths | Rooiberg | Louis Jacobus Kritzinger | Left Ward. |

✻ No. 166.] [3 Februarie 1956.

## AANSTELLING EN INTREKKING VAN AANSTELLINGS AS KOMMISSARIS VAN EDE.

Hierby word ingevolge subartikel (1) van artikel *ses* van Wet No. 16 van 1914, soos gewysig, bekendgemaak dat (1) die Minister van Justisie (*a*) die persone in deel I van onderstaande Bylae genoem, as Kommissarisse van Ede vir solank dit hom behaag vir die gebied teenoor hul name gemeld, en (*b*) die persone in deel II van die Bylae genoem, as Kommissarisse van Ede vir die tydperk en gebied teenoor hul name gemeld, aangestel het; (2) die aanstelling as Kommissarisse van Ede van die persone in deel III van die Bylae genoem, ingetrek is.

### BYLAE.

DEEL I.

| *Naam.* | *Adres.* | *Gebied.* |
|---|---|---|
| Jacobus Frederik du Plessis | *Woning:* Swartspruit-hotel, Kameeldrift No. 82. Pretoria<br>*Besigheid:* Suid-Afrikaanse Spoorweë, Padmotordienste, Pretoria | Distrik Pretoria. |
| Ryno Neville Fuller | *Woning:* Okiep, Distrik Namakwaland<br>*Besigheid:* O'Okiep Kopermaatskappy, Nababiep | Distrik Namakwaland. |
| Robert Lewis Andrew Gilmour | *Woning:* Southfieldweg 67, Plumstead<br>*Besigheid:* Judelmansgebou, Hoofweg, Plumstead | Distrik Wynberg. |
| Edward Henry Raubenheimer | *Woning:* Cambervilleweg, Crawford<br>*Besigheid:* Lawrenceweg, Crawford | Distrik Wynberg. |

DEEL II.

| *Naam.* | *Tydperk.* | *Gebied.* |
|---|---|---|
| Hendrik Basson | Solank Sekretaris van die Monasietmyn, Vanrhynsrhynsdorp | Distrik Vanrhynsdorp. |
| Hendrik Theron Brink | Solank Bestuurder van South African Permanent Mutual Building and Investment Society, Pretoria | Distrik Pretoria. |
| Philip John Dowdle | Solank Geoktroeerde Rekenmeester in diens van Levitte, Dowdle en Edwards | Distrik Port Shepstone. |
| John Matthew de Klerk | Solank Assistent-Organiserende Sekretaris van die Verenigde Party se Algemene Raad Witwatersrand | Distrik Johannesburg. |
| Andries Petrus de Klerk | Solank Sekretaris van die Klerksdorp Consolidated Goldfields, Hartbeesfontein | Distrik Klerksdorp. |
| Ernest Roslof Fann | Solank Assistent-superintendent van die Trusteeafdeling, Barclays Bank, Pretoria | Distrik Pretoria. |
| Frans Jacobus Ferreira | Solank Onderbestuurder van Standard Bank, Pretoria | Distrik Pretoria. |
| Stefanus Petrus Heyns | Solank Sekretaris/Organiseerder van die Nasionale Party, Clocolan | Distrik Clocolan. |
| Leslie George Holton | Solank Distriksbestuurder van die National Mutual Life Association of Australasia, Limited, Pretoria | Distrik Pretoria. |
| David Ramsay Leon Helfrich | Solank hy Aksynspligte verrig in die Departement van Doeane en Aksyns. | Die Unie. |
| Karel Johannes Adriaan Koen | Solank Mynspeurder, Freddies Consolidated Mines, Limited, Odendaalsrus | Distrik Odendaalsrus. |
| George Albert Lucas | Solank Assistent-bestuurder, Naturelle-administrasiedepartement, Durban | Distrik Durban. |
| John Anson Martin | Solank Taksekretaris van Southern Life Association, Kaapstad | Distrik van die Kaap. |
| Gerhard Christian Odendaal | Solank Senior Welsynbeamptе in diens van Maatskaplike Dienste-Vereeniging van Suid-Afrika | Distrik Pretoria. |
| Hubert Stanley Rowntree | Solank Distriksbestuurder van die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsmaatskappy, Durban | Distrik Durban. |
| Gavin Howie Dyer Smith | Solank Superintendent van die Trustafdeling, Barclays Bank, Pretoria | Distrik Pretoria. |

✻ No. 166.] [3 February 1956.

## APPOINTMENT AND CANCELLATION OF APPOINTMENT AS COMMISSIONERS OF OATHS.

In terms of sub-section (1) of section *six* of Act No. 16 of 1914, as amended, it is hereby notified that (1) the Minister of Justice has appointed (*a*) the persons mentioned in Part I of the following Schedule to be Commissioners of Oaths, during pleasure, for the area set opposite their names and (*b*) the persons mentioned in Part II of the Schedule referred to, to be Commissioners of Oaths for the period and area set opposite their names; (2) the appointment as Commissioners of Oaths of the persons mentioned in Part III of the said Schedule have been cancelled.

### SCHEDULE.

PART I.

| *Name.* | *Address.* | *Area.* |
|---|---|---|
| Jacobus Frederik du Plessis | *Residential:* Swartspruit Hotel, Kameeldrift No. 82, Pretoria<br>*Business:* South African Railways Road Motor Service, Pretoria | District of Pretoria. |
| Ryno Neville Fuller | *Residential:* Okiep, District Namakwaland<br>*Business:* O'Okiep Copper Co., Ltd., Nababiep | District of Namakwaland. |
| Robert Lewis Andrew Gilmour | *Residential:* 67 Southfield Road, Plumstead<br>*Business:* Judelman's Buildings, Main Road, Plumstead | District of Wynberg. |
| Edward Henry Raubenheimer | *Residential:* Camberville Road, Crawford<br>*Business:* Lawrence Road, Crawford | District of Wynberg. |

PART II.

| *Name.* | *Period.* | *Area.* |
|---|---|---|
| Hendrik Basson | Whilst Secretary of the "Monasiet" Mine, Vanrhynsdorp | District of Vanrhynsdorp. |
| Hendrik Theron Brink | Whilst Manager of South African Permanent Mutual Building and Investment Society | District of Pretoria. |
| Philip John Dowdle | Whilst Chartered Accountant employed by Levitt, Dowdle and Edwards | District of Port Shepstone |
| John Matthew de Klerk | Whilst Assistant Organising Secretary, Witwatersrand General Council United Party | District of Johannesburg. |
| Andries Petrus de Klerk | Whilst Secretary of the Klerksdorp Consolidated Goldfields, Hartbeesfontein | District of Klerksdorp. |
| Ernest Roslof Fann | Whilst Assistant Superintendent, Trustee Department, Barclays Bank, Pretoria | District of Pretoria. |
| Frans Jacobus Ferreira | Whilst Sub-Manager of Standard Bank, Pretoria | District of Pretoria. |
| Stefanus Petrus Heyns | Whilst Secretary/Organizer of the Nationalist Party, Clocolan | District of Clocolan' |
| Leslie George Holton | Whilst District Manager of the National Mutual Life Association of Australasia, Limited, Pretoria | District of Pretoria. |
| David Ramsay Leon Helfrich | Whilst he is employed on Excise duties in the Department of Customs and Excise | The Union. |
| Karel Johannes Adriaan Koen | Whilst Mine Detective, Freddies Consolidated Mines, Limited, Odendaalsrus | District of Odendaalsrus. |
| George Albert Lucas | Whilst Assistant Manager, Native Administration Department, Durban | District of Durban. |
| John Anson Martin | Whilst Branch Secretary of Southern Life Association, Cape Town | District of the Cape. |
| Gerhard Christian Odendaal | Whilst Senior Welfare Officer employed with Social Services Association of South Africa | District of Pretoria. |
| Hubert Stanley Rowntree | Whilst District Manager of the South African Mutual Life Assurance Society, Durban | District of Durban. |
| Gavin Howie Dyer Smith | Whilst Superintendent, Trustee Department, Barclays Bank, Pretoria | District of Pretoria. |

| *Naam.* | *Tydperk.* | *Gebied.* |
|---|---|---|
| Frederick Jacobus Tait | Solank Hoofverkeersbeampte van die Munisipaliteit van Walmer | Distrik Port Elizabeth. |
| Charles Gerhardus van der Byl | Solank Mynspeurder in diens van New Consolidated Goldfields, Limited, Johannesburg | Distrik Welkom. |
| Johannes Jurie Venter | Solank Hooflisensie- en verkeersbeampte van die Munisipaliteit Bronkhorstspruit | Distrik Bronkhorstspruit. |
| Johannes Hendrik Visagie | Solank Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde | Distrik Pretoria. |
| Lawrence Goldsmith Whitaker | Solank Bestuurder van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing | Distrik Johannesburg. |
| Clifford Charles Blason Woodin | Solank Distriksbestuurder, Southern Life Association of Africa, Wynberg | Distrik Wynberg. |

DEEL III.

| *Naam.* | *Gebied.* | *Rede.* |
|---|---|---|
| Christo du Toit | Distrik Namakwaland | Distrik verlaat. |
| Jacob Hendrik Jaspers Fourie | Distrik Ladybrand | Distrik verlaat. |
| Casper Daniel van Zyl | Distrik Ermelo | Bedank. |

✱ No. 171.] [3 Februarie 1956.

## HERBEPALING VAN VREDEREGTERSWYK INDOWANA, DISTRIK UMZIMKULU.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *een* van die Wet op Vrederechters en Eden, 1914 (Wet No. 16 van 1914), soos gewysig, herbepaal ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie, die grense van die Vrederegterswyk Indowana, distrik Umzimkulu, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, soos in die Bylae van hierdie kennisgewing vermeld word.

Proklamasie No. 15 van 1895 (Kaap) word hierby dienooreenkomstig gewysig.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

### BYLAE.

